Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.




# Die O.B.




VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 17 JANUARIE 1945. No. 8.

# Die Vorm van die Toekomstige Staat.

## Partyloosheid oorspronklik deur H.N.P. Aanvaar.

**Die O.B. en sy leier staan onbeweeglik op die inhoud van die ontwerp-staatsvorm, waaroor alle Afrikaners dit indertyd eens was, verklaar genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., in onderstaande teregwysing, na aanleiding van herhaalde beskuldigings teen die O.B. as sou hy 'n diktatoriale staatsvorm en 'n vreemde lewensbeskouing nastreef.**

***„As die O.B. 'n diktatorstaat beoog, soos die H.N.P. se sprekers en pers beweer, dan doen die H.N.P. dit ook. Of hy moet eers daardie ontwerp-staatsvorm soos deur hom in sy pers 18 maande gelede gepubliseer, herroep".***

### Die Ontwerp-staatsvorm

Die Ossewabrandwag het indertyd met 'n gesamentlike komitee, bestaande uit lede van ander volksorganisasies saamgewerk om 'n ontwerp-staatsvorm op te stel met die oog op eenheidsleiding.

Die ontwerp is deur almal aanvaar en is toe aan dr. D. F. Malan, leier van die H.N.P., aangebied. Hy het dit aanvaar en sy party het dit 18 maande later ook aanvaar! Ja, selfs gepubliseer. Die Ossewabrandwag het dit vroeër reeds, as Omsendbrief 1/41 gepubliseer.

### Die Snaakse Beskuldiging

Sedertdien het die H.N.P.-leiers en veral die partypers (want hulle sê die volk vergeet gou) die volk probeer wysmaak dat dr. Van Rensburg en die O.B. 'n diktatuur nastrewe, 'n diktatuur soos s.g. in Duitsland, want volgens hulle, as jy nasionale volksorg beoog, wat ook nasionale sosialisme genoem word, is jy Duits en diktator-gesind! Hulle sê dis goddeloos om in praktyk, onder 'n nasionale sosiale orde, die ideaal van: „ek is my broer se hoeder", na te streef.

### Hoe Grondeloos dit is

Die O.B. en sy leier, staan onbeweeglik op die inhoud van daardie gesamentlik aanvaarde ontwerp-staatsvorm. As dit diktator-eienskappe besit of nastreef, dan is dit so. **Maar, nòg dr. Van Rensburg, nòg dr. Malan het dit in die inhoud gesien toe beide se organisasies dit aanvaar het. Nou ook nog sien ons, of niemand, daarin die ontwerp-masjinerie vir 'n diktatuur.**

Omsendbrief 1/41 is indertyd uit hierdie ontwerp geneem as 'n verkorting. In sy geheel het die H.N.P.-hoofbestuur dit 18 maande later as hul beleid gepubliseer. Daar was net in hul stuk twee afwykings, origens was dit woordeliks dieselfde as die O.B. s'n.

### Albei het Saamgestem

**Volgens daardie stukke het die H.N.P. en die O.B. presies dieselfde staatsvorm beoog.** Die O.B. het tot hierdie oomblik nog nie daarvan afgewyk nie. In latere beleidstukke vind ons wat die vorm van staatsbestuur betref, telkemale 'n herhaling van die oorspronklike. Of die H.N.P. later afgewyk het, met uitsondering van twee sake, moet hulle self sê.

Die twee punte waarvan hulle afgewyk het en waarvan hulle deur hul pers kennis gegee het, was: (1) dat almal gelyke stemreg moet hê, soos nou, en (2) dat die Britse kultuur en die Britse taal gelyke beregtiging gewaarborg word deur die H.N.P.

**As die O.B. 'n diktatorstaat beoog, soos die H.N.P. se sprekers en pers beweer, dan doen die H.N.P. dit ook. Of hy moet eers daardie ontwerp-staatsvorm soos deur hom in sy pers 18 maande gelede gepubliseer, herroep.**

### Die Staatsbestuur

In daardie stuk staan letterlik die volgende:

„Die staatspresident word deur alle stemgeregtigde burgers gekies tot staatshoof".

„Die staatspresident beklee die betrekking vir 'n tydperk van vyf jaar...... tensy hy sterf, aftree, uit sy amp verwyder word soos hierna bepaal, of permanent ongeskik word......"

Gevolglik word sy magte en pligte breedvoerig bepaal.

„Die volk word verteenwoordig in (a) 'n Volksraad en (b) 'n Gemeenskapsraad......"

„Die Volksraadslede word gekies; een vir elke kiesafdeling..." Die verkiesing vind elke vyf jaar plaas......"

### Die Gemeenskapsraad

„Die Gemeenskapsraad, bestaande uit nie meer as 50 lede nie en met uitsluitlik adviserende magte, word saamgestel om die staatspresident, ministerraad en Volksraad van deskundige raad te voorsien...... 15 word aangestel en 35 deur geskikte organisasies ...gekies".

**In kort weergee bostaande die samestelling van die staatsbestuur. Niks daarin, nòg in die ander artikels (almal deur die H.N.P. aanvaar en aangekondig as die doel waarna by streef) dui op 'n diktator nie.**

**Die O.B. onder leiding van dr. Van Rensburg streef om dit te bereik vir die volk.**

### Die Lewenstoon

Art. 11 bepaal:

„Die openbare lewenstoon van die Republiek is Christelik-nasionaal sonder gewetensdwang en die eerbiediging van hierdie lewenstoon word vereis in alle openbare aktiwiteite wat vormende invloed op die volksgees het. **Die propagering van enige staatkundige beleid en die bestaan van enige politieke organisasie wat in stryd is met die vervulling van die Christelik-nasionale lewensroeping van die volk is verbied".**

Die hierop volgende artikels bepaal die nasionale ekonomiese en sosiale organisasie van die republiek.

### Misleiding

Aldeur het party-politici; selfs die paar predikante wat liberalisties georiënteer is; die party-pers; en mense deur hulle mislei, sonder ophou van die „Nazi-beleid" van die O.B. gepraat — en s.g. godsdienstige leiers van „goddeloosheid" van die O.B.

**Die leuen is deur hulle bestendig, nl. dat die O.B. 'n vreemde staatsvorm en vreemde lewensbeskouing nastreef.**

Hul gewete en hul morele plig teenoor die duisende wat hulle also mislei en belieg het, vereis nou 'n erkenning dat die O.B. geen duim afgewyk het van die gesamentlik aanvaarde ontwerp-staatsvorm en -beleid wat die goedkeuring indertyd van al die volksorganisasies ontvang het.

Hierdie misleiding roep om boetedoening!

**Misleiers het die volk verwoes — net om die O.B. te vernietig. Vandag moet hulle wat eerlik is, hul leuens erken!**

(Sien Inleidingsartikel).

### VIR DIE GEÏNTERNEERDES

Komdte. Du Buisson van Rosendal berig dat die Volkspele-laer aldaar goedgunstiglik aan die O.B. die geleentheid gebied het om deur middel van die laer die bedraggie van £7 in te samel vir die Nuwejaarsmaaltyd van die geïnterneerdes op Koffiefontein.




Wees GESOND en STERK!

JOHAN HEFER sal vir u ook so'n mooi liggaam met reusekrag bou.

Skryf aan: Johan Hefer en meld u Liggaamlike Swakhede of vul hierdie koepon in: Johan Hefer Posbus 8809, Johannesburg.

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u Kursus.

Naam........................................

Adres........................................

.............................................

DEFTIGE SOMERSHOEDE in groot verskeidenheid by

Steyns

Parow se Moderne DAMESMODISTE
Voortrekkerweg — PAROW

ONS STAAN IN DIENS VAN DIE BOEREVOLK VIR ALLES

SONOP
BLOEMFONTEIN

DIE WINKEL MET 'N IDEAAL

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDEL-LIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

AANDAG!!

EXCELSIOR WYNE verower 3 silwer bekers en verskeie eerste pryse op Paarl Wyntentoonstelling 1943.

Bestel direk van Produseerder
JOHN SCHOEMAN,
„EXCELSIOR"
VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

| | Per Bottel | Per Gelling |
|---|---|---|
| Spesiaal .. .. .. .. .. | 2/3 | 10/- |
| Rooi Jeripiko .. .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Wit Jeripiko .. .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Malmsey .. .. .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Soet Muskadel — rooi | 1/8 | 7/6 |
| Soet Muskadel — wit | 1/8 | 7/6 |
| Soet Port .. .. .. .. | 1/8 | 7/6 |
| Port .. .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Pontak .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Worcester Hock .. .. | 1/6 | 7/- |
| Spesiale Sjerrie .. .. | 1/6 | 7/- |
| Sjerrie .. .. .. .. .. .. | 1/5 | 6/6 |
| Moskonfyt .. .. .. .. .. | 1/6 | 6/6 |

Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels en 20/- vir Vaatjie, wat vergoed sal word by terugsending spoorvrag betaald.

L.W. — Wyn word alleen in Kissies van 12 groot bottels of Vaatjies van 5 gell. en meer verkoop.

Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne of K.B.A. plus treinkommissie v.o.s. Vlakteplaats-stasie.

LET WEL. — Moskonfyt word alleen voorsien in kissies van 12 bottels of in 4-gel. karba's, waarop die dep. 5/- en 10/- respektiewelik is.

# Eenheid is Ondermyning van die H.N.P. — se Leiers

**In Die Transvaler verskyn 'n ernstige waarskuwing aan alle ondersteuners van die Herenigde Party teen die eenheids- en versoeningspogings van die O.B. en selfs die Nuwe Orde.**

Hierdie waarskuwing is uitgereik deur die mede-leiers van die Party in die Transvaal, adv. J. G. Strydom en genl. J. C. Kemp.

Die twee leiers verklaar dat hulle in etlike kiesafdelings in Transvaal pogings in die werk gevind het, van die kant van die O.B. en die Nuwe Orde, om plaaslik eenheid en versoening tussen Afrikaners teweeg te bring.

**Al wat beoog word, sê die mede-leiers, is die ondermyning van die H.N.P. En gevolglik waarsku hulle hul volgelinge teen eenheid en versoening.**

Daar mag diegene wees wat hulle optrede snaaks vind, maar vir kenners van party-politiek is hulle maar net sorgsaam. Want sodra die volk één word, moet politieke partye verdwyn, omdat die volk dan nie meer teen homself oorlog voer nie.

Party-politiek vereis 'n verdeelde volk. Dit weet die mede-leiers ook. Daarom hul waarskuwing teen eenheid.

Alleen langs die weg van die Volksbeweging is volkseenheid te vind.

## KOMMUNIS VAL POUS KWAAI AAN

Volgens die dagbladpers het die kommunistiese blad **Pravda** 'n hewige aanval op die Pous gedoen. Die blad baseer sy aanval op die Kersfeesboodskap wat deur die Pous uitgespreek is, en beskuldig hom daarvan dat hy 'n bondgenoot van die Fascisme is.

Die Rooms-Katolieke Kerk, het sedert die opkoms van die kommunisme nog altyd 'n felle stryd teen hierdie aartsvyand van die Christendom gevoer.

In sy Kersboodskap — wat nie volledig in die pers weergegee is nie — het die Pous o.a. die volgende gedagtes uitgespreek:

○ „In die harte van 'n toenemende skare edel mense groei 'n begeerte tot helderder en vasberader vorm aan — om hierdie wêreldoorlog, hierdie wêreld-omwenteling, om te skep in die wegspringplek van 'n nuwe era vir die vernuwing en die wedergeboorte van die wêreld".

○ „Die staat is nie 'n vormlose opeenhoping van enkelinge, binne bepaalde territoriale grense nie. Dit is en moet wees 'n organiese en organiserende eenheid van ware volkslede".

○ „Wat sien ons in die demokratiese staat wat oorgelaat is aan die willekeur van die massas? Vryheid word dwingelandy, en dit word die grondslag vir die valse eis om vrye teuel te gee aan die drange en luste van die een, tot nadeel van die ander. Gelykheid ontaard tot meganiese gelykmaking en die menslike waardigheid word uitgewis.

„Die enigste oorlewendes is die slagoffers wat mislei is om die bedrog van die demokrasie aan te sien vir egte vryheid en gelykheid. Ander oorlewendes is die min of meer talryke woekeraars, wat, as gevolg van hul organisasie-talent en geldmag hul baasskap oor ander kon vestig en sodoende 'n bevoorregte posisie in die staat kon verower".

○ „As diegene wat in posisies van gesag verkeer, nie die verhouding van die enkeling tot die staat in ag neem nie, kan 'n toestand ontwikkel, of dit mag selfs al bestaan, dat selfsugtigheid en gevestigde belange sal seëvier oor politieke en sosiale geregtigheid".

# 'n Eenheidsfront van Nie-Blankes

**Volgens berigte in die pers het daar onlangs 'n kongres van nie-blankes plaasgevind. Op hierdie kongres was daar afgevaardigdes van ongeveer 90 organisasies, bestaande uit Naturelle, Kleurlinge en Indiërs. Om hierdie bonte massa nog bonter te maak, het 'n aantal blankes ook daaraan deelgeneem, waaronder studente van Universiteit Kaapstad.**

**Die doel van hierdie kongres was om 'n samesnoering van alle gekleurde groepe en kragte te probeer bewerkstellig, ten einde 'n verenigde front te kan vorm teen die segregasie- en apartheidsbeleid van die blankes.**

Daar word in die program van aksie wat voorgestel is, o.a. die volgende geëis: Volle regte vir alle burgers, afgesien van ras of kleur, afskaffing van die paswette, verpligte vry onderwys vir alle kinders tot die ouderdom van 16 jaar, gelyke stemreg met die blankes, ens.

### DIE KOMMUNISTIESE „BOOM"

**Dit ly geen twyfel nie dat hierdie kongres geïnspireer en moontlik gemaak is deur kommuniste en kommunisties-gesindes onder blankes, swartes en gekleurdes.**

Hierdie persone probeer ten volle gebruik te maak van die huidige kommunistiese „boom" in Suid-Afrika. Onder die blankes het hulle tot sover nog nie veel sukses gehad nie. Hulle wend hulle trouens hoofsaaklik tot die gekleurde groepe van ons land. Alle pogings word aangewend om die gekleurdes en swartes in hierdie land pro-„rooi" te maak. Hulle doen dit nie so seer om die belange van hierdie groepe te dien nie, maar om die belange van Moskou te dien en sy verlangens te bevredig.

### BOTSINGS BINNE GEKLEURDE GELEDERE

**Die kampvegters vir hierdie eenheidsfront het hulleself 'n uiters moeilike taak gestel.**

● Dit is bekend dat die Indiërs onder mekaar in kastes verdeel is, wat selfs vyandig teenoor mekaar staan.

● Dit is ook bekend dat die naturel geen vriendskapsgevoelens teenoor die Indiër het nie. Die naturelle sien in die Indiër-handelaar 'n uitbuiter van hulle onervarenheid, wat homself deur woekerwinste ten koste van die naturelle verryk.

● Die meeste naturelle sien weer in die kleurlinge 'n bastervolk met 'n sterk Boesman- en Hottentot-inslag. Hulle voel hulleself as meerderwaardige rassuiweres en wil met die kleurlinge geen omgang hou nie.

● Die kleurlinge daarenteen voel hulleself meerderwaardig bo die naturelle. Hulle beskou hulleself as draers van 'n blanke kultuur en voel dat hulle veel nader aan die blankes staan as die naturelle en daarom reken hulle dat hulle met reg op die naturelle kan neersien. **Die oorgrote meerderheid van kleurlinge is honderd persent ten gunste van segregasie waar dit kleurlinge en naturelle geld.** Die naturel is vir hulle 'n primitiewe onbeskaafde wese wat oral demoraliserend op die kleurlinggemeenskap inwerk. Nie alleen dit nie. Hulle sien ook in die naturel 'n baie ernstige konkurrent op die arbeidsmark wat die brood uit die kleurling se mond neem, hom dwing om vir minder te werk, sy lewenspeil verlaag tot dié van armoede. By die kleurlinge is die naturel nie 'n gunsteling nie. Die kleurlinge voel dit as 'n ernstige grief dat hulle in baie opsigte oor dieselfde kam as die naturelle geskeer word en met hulle gelyklik behandel word.

● Verder is dit ook bekend dat die kleurlinge onder mekaar self ook verdeel is. Die meer gegoede kleurling voel hom nader aan die blanke as aan sy minder goed-bedeelde groepsgenoot wat in sy oë op die grens van primitiwiteit staan en byna 'n sedelose lewe lei.

**Bogenoemde verskille en botsings binne gekleurde geledere is die hindernisse wat die rooi „eenheidsfronters" sal moet oorwin — voorwaar geen maklike taak nie.**

### ONS HOUDING HERSIEN

Blank Suid-Afrika kan egter nie om hierdie rede sy hande vou en vertrou op die onderlinge stryd binne gekleurde geledere nie. Die gekleurde groepe in hierdie land voel die kleurprobleme net so aan en verlang ook na 'n redelike oplossing. Die blanke groep het 'n verantwoordelikheid nie alleen teenoor homself nie, maar ook teenoor die gekleurdes.

Die kleurprobleme het gedurende die afgelope twintig jaar al meer en meer intens geword. Mens kan vandag met reg sê dat ons 'n stadium bereik het wat werklik as 'n tweesprong beskou kan word. Ons het nou so ver gekom dat ons onsself moet afvra of ons 'n blanke of gekleurde Suid-Afrika wil hê. As ons eersgenoemde kies, moet ons ons handelwyse en houding in alle sake wat betrekking het op gekleurde groepe grondig hersien.

**Die gang van ons lewensstroom hier in ons land, veral op ekonomiese gebied, stuur reëlreg af op die opname van die blanke gemeenskap binne gekleurde geledere. Ons lewe en lewenswyse sal grondig verander moet word as ons die kataklisma wil afwend.**

### SKEIDING EN APARTHEID

Die Afrikaner het altyd sy beleid van skeiding en apartheid ten opsigte van gekleurde groepe gehuldig. **Die beleid van die Afrikaner was nog altyd dat die naturelle en gekleurde groepe hulle eie gebiede moet hê, waar hulle tot volle ontplooiing van hulle eie kragte sonder enige blanke hindernis kan geraak.** Gelukkig is daar onder hierdie groepe 'n steeds groter groeiende groep wat vanself reeds begin besef dat die enigste heil van Suid-Afrika in hierdie rigting lê. Hulle raak reeds moeg en sat vir, en staan absoluut wantrouig teenoor die liberalisties-kapitalistiese laat-maar-loop-beleid wat deur die toedoen van vreemdelinge en uitlanders met buitelandse belange hier in stand gehou is.

**Die Afrikaner-beleid van regverdigheid en apartheid kon nog nooit tot volle ontplooiing gekom het nie, omdat dit altyd verongeluk is deur kapitaliste, liberaliste, vreemdelinge en uitlanders wat Suid-Afrika as hulle jagveld beskou. Die gevolg is dat alle groepe vandag in ellende verkeer.**

Die jongste poging om die Afrikaner-standpunt van apartheid finaal die nek in te slaan kom vanuit kommunistiese rigting. Hierdie poging beoog nie die verbetering van omstandighede nie, maar die behartiging van die belange van Moskou. Die weg van Moskou is die weg van bloed en chaos.

## SPESIALE NOODHULP-FONDS-INSAMELING

### Aanbod van Generaal deur Ermelo Aanvaar

In verband met die aanbod van Generaalskap E6-7, om bo en behalwe sy gewone bydrae, by wyse van buitengewone insameling £300 in die Noodhulpfonds te stort met die oog op die bykomende laste wat die Fonds moet dra (vergelyk „Aanbod van Generaal insake Noodhulp" in DIE O.B. van Woensdag, 3 Mei 1944) bied Generaalskap E7 van genl. S. J. Scheepers van Ermelo aan om ook £300 bo en behalwe sy gewone bydrae in die Fonds te stort. Hierdie storting sal paaiementsgewyse geskied met die oog op die groot nood en swaar laste van die Noodhulpfonds. Die eerste paaiement is alreeds gestort, en hopelik sal die totale bedrag binnekort ter beskikking van die Fonds wees.

# 'N OPE BRIEF

## *Van* Oud-Regter Chris. L. Botha *Aan* Veldmaarskalk Jan C. Smuts

**Oud-Regter C. L. Botha het meegaande ope brief aan Veldmaarskalk Jan C. Smuts aan ons oorhandig met die versoek dat ons dit in DIE O.B. sal publiseer.**

**Oud-Regter Botha was Regter-President van die Vrystaatse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof. Hy is tans afgetree en woon rustig op Stellenbosch.**

Beste Jan,

Sedert my aftrede leef ek hier op Stellenbosch en is my gedagte gedurig in die verlede — in daardie tyd toe ons twee as klasmaats in die Victoria-Kollege was. Met daardie herinnering neem ek die vryheid om jou in die publiek familiêr aan te spreek.

Vandat jy die voortou geneem het om ons in hierdie oorlog te sleep, is ek 'n bittere teenstander van jou oorlogspolitiek. Maar ek is nie van die teenstanders wat jou persoon met jou politiek vereenselwig nie. Ek weet dat 'n eerbare man ook 'n verkeerde politiek kan voer en vir jou persoon behou ek die agting van vroeër. Maar juis daarom hoop ek dat jy die raad wat ek jou hiermee gaan gee in oorweging sal neem.

### „Van jongsaf was jy eersugtig"

Dit word jou verwyt dat jy jou persoon, jou talente en selfs die plig wat op jou rus deur geboorte om by jou volk te staan, opgeoffer het aan die belange van die Britse gemenebes. Ek wil hierdie beskuldiging nie teen jou kop slinger as 'n verwyt nie

Van jongsaf was jy eersugtig. Jy het altyd gemeen dat jou groot gawes jou die reg gee om hoog te mik. Nadat die twee republieke verdwyn het, het jy gedink dat daar nou niks anders oorbly nie as om jou eersug tevrede te stel binne die Britse Ryk Mettertyd kon jy niks anders sien as hierdie magtige ryk. En...... facilis Est discensus Averni...... Jy het vergeet dat jy 'n Afrikaner is.

Ons twee het in Engeland gestudeer in die tydperk tussen die twee jubileums van koningin Victoria. Die hoogtepunt van die magtige Britse Ryk wat, gelyk het asof hy ewig sal bly staan op sy pilare van vaste rots Cecil Rhodes was toe die mees beroemde imperiale staatsman. In ons oorlog is hy oorlede.

### „Good South Africans"

Waarom kan 'n groter man as Rhodes nou nie sy mantel erf nie en nog groter dienste aan die Empire bewys nie? Dat met hierdie soort politiek jou eie volk in gevaar was om sy eie volksbestaan te verloor, het by jou geen rol gespeel nie. Want, so het jy geredeneer, as ons volk sy identiteit en taal verloor, kan ons nog altyd voortbestaan as onderdeel van die magtige ryk in die vorm van „good South Africans". Jy het vergeet dat die mens nie 'n outomatiese masjien is nie maar uit vlees en bloed bestaan, en besiel is met hartstogte. Maar hierdie soort redenasie het jou gebring om met dank die maarskalkstaf van die koning van Engeland te ontvang en om van Engeland te praat as „home". 'n Maarskalk sonder militêre opleiding en 'n Engelsman wat alles behalwe 'n Engelsman is.

Die oorlog is nou ver genoeg gevorder om 'n balans op te stel en te vra of jou beleid geslaag het of kan slaag.

### Jy het ons daarin gedwing

Engeland het oorlog verklaar aan Duitsland omdat hy die integriteit van Pole gewaarborg het. (Terloops gesê integriteit van 'n staat sluit in al sy grense. Eden kan nie die woordbreuk van Engeland teen die Pole goed praat met die uitweg dat grense nooit gewaarborg was nie). Vir ons wat nie gewillig was om „good South Africans" te word nie, was dit duidelik dat Suid-Afrika geen belange gehad het by hierdie stryd om die mag in Europa tussen Duitsland en Engeland. Vir jou as „Empire builder" was dit ewe duidelik dat ons in moet spring. Jy het dit reg gekry om ons daarin te dwing.

### Die Balansstaat tot op datum

Duitsland is nog nie verslaan nie en daar kan nog 'n groot wending in die oorlog kom, maar wat ook al die einde van die oorlog mag wees, is ons ver genoeg gevorder om nou in ons eie belang handelend op te tree.

Ek wil dus aanneem dat die Geallieerdes Duitsland verpletter en dat Engeland as oorwinnaar uit die oorlog kom — beter kan jy dit tog seker nie verwag nie.

Wat is nou die balansstaat van die Britse Ryk op hierdie oomblik? — en vergeet nie, hoe langer dit nog duur hoe slegter sal dit word.

### Engeland verloor Europa en Midde-Ooste aan Bolsjewisme

Eerstens, wat wil ons Bondgenote hê? Rusland laat ons in geen twyfel. Van Duitsland wil hy niks hê nie, maar hy wil die hele Oos-Europa hê, insluitende die Balkan-state en Finland. Dié het hy al. Wat van die Dardanelle, Griekeland en die Suez-kanaal? Ek is seker daarvan dat Stalin by Teheran toegestem het dat Engeland dié sal kry of behou. Maar hy het toegestem met 'n reservatio mentalis — mits daardie lande nie self na my toe wil kom deur aanname van my ideologieë nie — en ek sal sorg dat hulle die ideologieë aanneem. Die storie van Griekeland is nog nie ten einde nie.

En jou peetkind, die Wes-Europese blok? Het jy al opgemerk hoedat die Bolsjewiste teen Franco ophits. Waarom het De Gaulle na Rusland gegaan? Die bajonette van die Engelse steun Pierlot in België — teen wie? Die mene mene tekel staat aan die muur. As julle Duitsland vernietig het, dan gaan Sentraal- en Wes-Europa oor tot Bolsjewisme. Daarom vorder Stalin niks van Duitsland as alleen julle hulp om nasionaal-sosialisme te vernietig ten einde Europa aan hom te oorhandig. Om kort te gaan Engeland het in Europa alles verloor, die Midde-Ooste ingesluit.

### Die Verre Ooste vir Amerika

En die ander bondgenoot Amerika? Die Wes-Indiese Eilande het hy al. Hy is nou besig om sy eie en die besittings van Engeland en Holland in die Stille Oseaan te herower. Jy is tog seker nie so naief om te glo dat Amerika kan bloed en skatte opoffer alleen maar om die status quo te herstel nie? En dit nogal terwyl Amerika besig is op alle gebiede om die Engelse handel te verower. Nee, Jan, Engeland het die Verre Ooste ook verloor.

### Churchill het die Britse Ryk Vernietig

Tweedens. Kan Engeland haar industriële en finansiële posisie weer herstel? Dit is glad nie 'n voorspelling nie om te sê dat sy haar astronomiese skuld nie kan betaal nie en dat sy industriëel verlore is omdat sy nooit weer haar uitvoer-posisie kan terug kry, laat staan om dit nog groter te maak, wat noodsaaklik is as sy teen haar bondgenote wil kompeteer.

Dit is dus geen paradoks as ek sê dat gedurende hierdie oorlog die redding van die Britse Ryk afhanklik was van 'n Duitse oorwinning.

Jy sien dus, Churchill se politiek het die magtige ryk van koningin Victoria vernietig. Jy het hom gehelp Jou politiek het skipbreuk gely. „Good South Africans" sal ons nooit word nie, maar ons loop die gevaar om 'n goeie gekleurde ras te word onder 'n bolsjewistiese bestuur. Colin Steyn sê Bolsjewisme is vir ons geen gevaar nie. Jy weet beter, jy is die eerste Geallieerde staatsman wat gewaarsku het teen die Kolos van die Ooste. Met jou kennis van sake is jy meer bewus as ons van die dodelike gevaar wat die Europese beskawing bedreig. Maar jy is ook saam met Churchill meer as enig ander mens verantwoordelik daarvoor dat hierdie gevaar so dreigend geword het. Met verregaande kortsigtigheid het julle twee daarin geslaag om die wêreld op te hits om nasionaal-sosialisme, wat niemand en geen beskawing bedreig nie, te beveg ten einde vir julle 'n kolos op te rig wat julle nou self gaan insluk. Jan, jou Empire-politiek het uitgeloop op die vernietiging van jou Empire ten voordele van Amerika en Rusland.

### Jy moet die leisels Neerlê

Dit is hoog tyd vir jou om die leisels neer te lê. En my raad aan jou is die volgende:

Jy weet met 'n demokraties-liberale parlementêre party-stelsel van oorlog maak met woorde en stembriefies kan jy Bolsjewisme nie beveg nie.

Ons het iemand nodig wat die geestelike en liggaamlike krag, die vaderlandsliefde, die selfopofferende wil besit om die leisels van jou oor te neem.

Jy het self ondervind dat in hierdie rewolusionêre tydperk 'n parlement die regering van 'n land belemmer en daarom het jy met noodregulasies regeer.

Handig nou die regering oor aan 'n man wat bereid is, en in staat is om kragdadig op te tree ten einde hierdie gevaar van ons land en volk af te weer. Die middele daartoe staan hom ter beskikking as hy die leisels in hande het.

Hierdie selfopofferende daad van jou sal dan miskien in die geskiedenis leef as die gebaar van berou van 'n groot man oor sy verkeerde politiek en as die daad waarmee hy sigself gerehabiliteer het.

Jou vriend

CHRIS BOTHA.


**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om n PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Beperk

MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**

Fabrikante van

Velder en Besproeiings

masjinerie

Bus 10. HUGENOOT.

**O B.-SKRYFBLOKKE**

met 2 pakkies bypassende koeverte.

DIE BESTE GEHALTE VOOR-OORLOGSE PAPIER.

3/6 posvry.

KONTANT MET BESTELLING.

Bestel deur:

Gebiedshoofkwartier

Kamer 603, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

**BENODIG. — DISTRIKSAGENTE.**

APPLIKASIES word ingewag van bevoegde persone om ons in die verskillende distrikte te verteenwoordig. Meld ouderdom, ondervinding, of applikant 'n motor, telefoon en/of kantoor tot beskikking het. Baie belonend, en goeie vooruitsigte vir die regte persoon.

Aansoeke, vergesel van afskrifte van getuigskrifte, moet onderstaande nie later as 22 Januarie bereik nie.

DIE BESTUURDER, S.-A. KOPERS EENHEID (EDMS.) BPK.,

Posbus 870, Johannesburg.

**AANKONDIGING ! !**

**SPRINGBOK MEUBELS**

Die Huis- en Kantoor-Meubeleerders

OPEN

VANAF 1 FEBRUARIE

'n tak te

Jan Phillipsgebou, Lady-Greystraat, PAARL.

(Voorheen: Van Schaiks)

Rig navrae aan:

Victoriaweg 171, Woodstock.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede Prysnoterings word gratis verskaf Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem

Hou Koers Na

**Pro Ecclesia-Drukkery**

(Edms.) Bpk.

Drukkers Uitgewers en Boekbinders

Die Laan. Stellenbosch.

IS U KAR BAIE BESKADIG IN 'N ONGELUK?

Bring dit na ons en sien die resultaat ! !

**ROELOU BARRY (Edms.) Bpk.**

ROBERTSON — MONTAGU — BONNIEVALE — LAINGSBURG.

Ons spesialiseer in bakwerk, veral ongeluk en meganiese herstelwerk, en smeer van Karre.

Agente vir: Ford, Firestonebande en Plaasgereedskap.

VINNIGE EN DEEGLIKE DIENS GEWAARBORG.

DIE O.B., WOENSDAG, 17 JAN. 1945.

# „Wat Beoog Hy?"

Hierdie vraag stel die redakteur van **Die Burger** homself voortdurend nadat hy eers self dr. Van Rensburg of die Ossewabrandwag woorde of bedoelings in die mond gelê het. In sy eie onware en onlogiese uitleg raak hy verwar en roep dan uit: „Wat beoog hy?"

Hoe onlogies hy redeneer blyk uit die volgende. Hy beskuldig dr. Van Rensburg dat hy „die Smuts-bewind nie wil lig nie", nadat hy dr. Van Rensburg eers aangeval het omdat hy **„Volksgesinde politieke leiers en volgelinge uitnooi om saam te gesels oor samewerking by komende verkiesings".**

**„Hy (dr. Van Rensburg) wil naamlik eenheidsleiding tot stand bring aan die politieke front"**, lees ons in dieselfde artikel.

Hierdie aanhaling is juis die antwoord op **Die Burger** se vraag van: Wat beoog dr. Van Rensburg?

Laat ons nou nog eenvoudiger taal gebruik. Dr. Van Rensburg vra, en hy doen dit vanaf die oomblik dat **Die Burger** en sy politieke base die nasionaalgesinde Afrikaners uitmekaar gedryf het, dat dr. Geyer, dr. D. F. Malan en hul volgelinge moet ophou om medenasionaalgesindes verdag voor te stel. Dat hulle saam moet besluit om die Smuts-bewind by die eerste die beste geleentheid oorboord te gooi — 'n eenheidsfront vir parlementêre en buite-parlementêre aksie te vorm:

(1) Om sodoende vrede in nasionaalgesindes se geledere te verkry;

(2) om deur verenigde kragte van alle nasionaalgesindes ook op die parlementêre front die Smuts-bewind te verslaan; en

(3) om 'n volkseenheidstaat, 'n volksgesagstaat te stig.

**Die Burger** weet wat die doel is van die uitnodiging, want dit is die doel van die Ossewabrandwag van begin af en altyddeur. Om sy lesers 'n rad voor die oë te draai, beduie hy, na hy self in sy artikel van 11 deser erken het wat die doel is, dat deur 'n volksgesagstaat 'n diktatuur beoog word! Die Burger weet dit is onwaar.

**Die Burger** weet dat die Ossewabrandwag nog geen oomblik afgewyk het van die konsep-konstitusie oor die vorm van die toekomsstaat en die inhoud daarvan — daardie ontwerp staatsvorm wat die volksorganisasies dr. Malan as leier van die H.N.P. op 3 Junie 1941 te Bloemfontein aangebied het, en wat Die Burger ook aanvaar en bepleit het.

Dr. Malan het dit namens die H.N.Party skriftelik soos volg aanvaar:

„Ek het u verklaring namens die genoemde volksorganisasies (die O.B., F.A.K. en R.D.B.) ernstig en sorgvuldig oorweeg en aarsel vir geen oomblik om dit heelhartig te aanvaar nie".

Wat het dr. Malan aanvaar? Die ontwerp staatsvorm — daardie stuk wat genl. J. A. Smith, indertyd Kaaplandse leier van die O.B., as O.B.-stuk 1/41 gepubliseer het!

Dis dieselfde stuk wat **Die Burger** destyds aangeprys het en ook aanvaar het. Net genl. Smith moes dit nie gepubliseer het nie. **Dis daardie gewraakte 1/41 wat 18 maande later tog amptelik deur die H.N.Party as sy beleid in sy geheel gepubliseer is,** en toe weer aangeprys is deur Die Burger met egter hierdie nota daarby, — „dat deur die H.N.P. nou op twee punte afgewyk word".

Die afwykings was nl. slegs universele kiesreg en 'n dubbel taal- en kultuurstaat. Die O.B. het nog geen jota of titel van die oorspronklike afgewyk nie. In al sy beleidstukke is die beginsels in die stuk, 1/41 vervat, nog konsekwent erken.

Wat is die beginsels? Dit is dat die volk elke vyf jaar 'n president kies, dat die volk selfs binne die ampstyd van hom ontslae kan raak en dat die volk 'n volksraad kies. **Maar ook, en ons het nog nie gesien dat die H.N.P. dit uit hulle en ons gesamentlike ontwerp-staatsvorm verban het nie, dat die pers beheer sal word en partye nie in daardie staat kan bestaan nie!**

Is dit nou die diktatuur-staat wat **Die Burger** sy lesers wil wysmaak, wat dr. Van Rensburg wil stig? Wat beoog **Die Burger?**

Nee, dr. Van Rensburg **NOOI** maar net die H.N.P.-leiers en pers uit om weer daar te begin, waar hulle met 'n skielike **ULTIMATUM** afgewyk het van die eenheidskomitee!

Dit is dr. Van Rensburg se **uitnodiging;** hy is nie so diktatoriaal dat hy van **ultimatums** gebruik maak nie.

# *BRIT TREK LOS TEEN SOWJET*

## Die Sensor Laat dit Deur

**Die openbare mening in Brittanje is vir meer as drie jaar lank erg en opsetlik mislei, het R. T. Bower, Konserwatiewe lid van die Britse Laerhuis, verklaar.**

Hy het Rusland daarvan beskuldig dat hy Pole verraai en „in die rug gesteek het"; en dat hy ten aansien van honderdduisende Pole moorddadig en met duiwelse „wreedheid" opgetree het.

„Maarskalk Stalin is 'n koelbloedige realis en as 'n goeie kommunis glo hy uit die aard van die saak dat waarheid, eer, opregtheid en so meer, vooroordele is wat net gebruik moet word as dit tot voordeel van die kommunisme strek".

**„Rusland bedryf magspolitiek en die Atlantiese Handves is aan flarde geskeur".**

„Hoe onplesierig dit ook al is, moet ons die feit onder die oë sien dat die Russiese imperialisme vandag drakentande in Oos-Europa saai. Ek glo dat as hy toegelaat word om dit straffeloos te doen, dit nog 'n oorlog en 'n vreesliker een binne 'n paar jaar tot gevolg sal hê", het hy besluit.

# *Ogies in die Nuus.*

### 'n Daklose Eeu:

Suid-Afrika het duisende huise onmiddellik nodig, maar teen die koers waarmee hulle vandag opgerig word sal hierdie huise nie in 'n honderd jaar se tyd gebou word nie. So lui 'n verklaring wat deur die Johannesburgse stadsraad se komitee vir naoorlogse ontwikkeling uitgereik is.

### Kapitalistiese Demokrasie:

Uit die Verenigde State van Amerika word berig dat Warren G. Hooper, die Amerikaanse senator wat hoofgetuie is in 'n staatsondersoek na **omkopery in verband met wetgewing**, na verdaging van die ondersoek doodgeskiet is terwyl hy op pad huis-toe was. 'n Poging is ook aangewend om sy motor te verbrand.

### Wolkekrappers-toe?

Adm. Ingram, in beheer van die verdediging van New York en Washington, het op magtiging van adm. King, opperbevelhebber van die V.S.A.-vloot, gewaarsku dat Robotaanvalle op New-York „moontlik" en „waarskynlik" is.

### Die Skim:

Paul Zeeland, voormalige Belgiese Premier, het in Washington aangekom. Hy bepleit „noue ekonomiese samewerking tussen Brittanje, Holland, Frankryk en België, as die eerste, eenvoudigste en gesondste stap om die fondamente te lê vir die na-oorlogse herstel van vrede in Europa". Dit klink soos veldm. Smuts se gewaande Wes-Blok teen die „Kolos"; dieselfde een wat die „Kolos" reeds voor sy skepping vernietig het.

### Volgens Griekse Resep:

'n Netjies afgerigte krisis is glo besig om in Suid-Slawië te ontwikkel, min of meer volgens die Griekse resep. In die pers is aangekondig dat Russies-bevriende kringe in Engeland gewaarsku het dat as die Britse regering hier gaan optree soos hy in Griekeland opgetree het, hy sal bots teen die „volle gewig van die Sowjetbeleid in Europa".

### Net maar Vier Beriggies:

1. Nadat von Rundstedt sy verrassend suksesvolle offensief in die weste geloods het en die Geallieerde leërs onder bevel van die Amerikaner Eisenhower teruggedruk het, het Churchill 'n besoek aan Eisenhower gebring.

2. Toe het 'n „Sweedse" berig in die pers verskyn oor gerugte dat die Engelse Montgomery binnekort aangestel sal word as onder-opperbevelhebber van die Geallierde magte, ten einde party van die Amerikaner Eisenhower se veelvuldige pligte oor te neem.

3. Amptelik is vervolgens meegedeel dat veldm. Montgomery die volle bevel aanvaar het oor al die Geallieerde leërs aan die noordelike flank van die Duitse uitloper, insluitende die Eerste en die Negende Amerikaanse leërs onder bevel van Amerikaners Hodges en Simpson onderskeidelik.

4. 'n Paar dae later het Montgomery in die openbaar 'n lansie vir Eisenhower — „die kaptein van ons span" — gebreek. Dis wat die Engelse glo „cricket" noem!

## 'N FLUKSE POGING

Die Boerejeug-Hoofkommandant vir Noord-Transvaal berig dat die Boereseuns en -dogters van Rustenburg en Brits 'n spesiale poging aangewend het om die Noodhulpfonds te styf. Hulle het die mooi bedrag van £67-14-4 gein.

Dit was 'n lofwaardige poging en is allesins navolgenswaardig.


# PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

# Tot u Diens!

**Eindelik 'n Boekhandel wat u van enige boek kan voorsien. Stuur al u boekbestellings aan:**

## PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

Posbus 29,
STELLENBOSCH.

*BOEKE VIR ALMAL!*

● **GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA**

Deur dr. S. F. N. Gie.
Deel I, tot 1795 ... ... 6/6 posvry.
Deel II, 1795—1918 ... 8/- posvry
Na 20 jaar nog steeds die beste en volledigste geskiedenis-handboek.

So pas weer verskyn:

● **SÓ HET HULLE GESTERF!**

Deur G. Jordaan. 6/- posvry. (Hierdie boek was deur die Regering verban omdat dit die waarheid weergegee het. Die derde druk nou gereed).

'N BOEKIE WAT ELKE AFRIKANER IN SY BESIT BEHOORT TE HÊ!

● **TERUG NA DIE GOD VAN ONS VADERS**

Deur dr. J. D. Kestell. 1/3 posvry. Ons nasie het die Stem van God gehoor...... Hy wil dit hoor. Op die roepstem: Kom terug na die God van ons Vaders! Gee die Boerenasie antwoord: ONS KOM.

● **JONG SUID-AFRIKA**

Deur J. H. Coetzee. 2/6 posvry. „Ons sien die Afrikanerjeug nie meer as 'n paar duisend onvolwassenes nie, maar as die Jeug van die Boerevolk en as sy toekoms". — Die Skrywer.

● **NUWE VOLKSPELE**

Deur Hester Morrison. 4/3 posvry. 31 Volkspele, wat goedgekeur is deur die Uniale Komitee vir Volkspele.

● **NUWE BOEKE**

**Die Kroon van die Skool**
Deur Theunis Krogh. 7/- posvry. Hierdie skrywer is bekend vir sy serie seunsboeke van Keurboslaan.

**Menslike Physiologie, Deel II**
Deur dr. H. E. Brink. 21/- posvry.

## PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

**Posbus 29 — Pleinstraat**
STELLENBOSCH

**„Diens! sal die Wagwoord wees"**

# VRYHEIDSDAG NADER!

Vryheidsdag (Amajuba-geloftedag) word op 27 Februarie soos voorheen herdenk.

Op Amajuba self vind dit op genoemde datum plaas.

Verlof is egter verleen aan stedelike eenhede om op Saterdag, 24 Februarie, die gelofte te herdenk.

Hieronder verskyn die volledige program wat die aand uitgevoer moet word. (Let wel. — Inplaas van die kantate voor te dra of 'n geskiedkundige oorsig te lees, soos verlede jaar, mag 'n toepaslike rede (toespraak) gehou word, of die stuk voorgelees word wat offisiere van Hoofkantoor mag ontvang).

### DIE PROGRAM

**8.15 n.m.:**

Die plegtigheidsverrigting begin die aand presies om 8.15 uur, wanneer die offisier-in-bevel die fluitjie blaas en die aanwesiges aantree by die houtstapel, wat later aan die brand gesteek word.

Die verrigtinge begin met Skriflesing, nl. Psalm 145, gevolg deur die sing van Ps. 84 vers 6, en kort gebed.

**8.25 tot 8.30:**

Die Boodskap van die Kommandant-Generaal word voorgelees. (Dit sal in 'n volgende uitgawe verskyn).

**8.30:**

Toespraak deur offisier of aangewese spreker; of

Voorlesing van 'n gepaste stuk of voorgeskrewe lesing.

(As daar nog tyd oor is word gewyde liedere en/of nasionale liedere gesing).

**8.55:**

Vlamme (intussen in gereedheid gebring) wat die vryheidsvuur moet aansteek, word deur lede van die Boerejeug met fakkels aangebring en aan die offisier-in-bevel oorhandig onder die sing van Ps. 146 vers 3.

**9-uur (presies):**

Die offisier-in-bevel gee die teken deur 'n fluitjie te blaas, steek die vuur aan en die ander fakkeldraers volg sy voorbeeld.

Die aanwesiges sing die Lied van Jong Suid-Afrika, verse 1 en 4, wat hier afgedruk word vir die gerief van brandwagte:

En hoor jy die magtige dreuning?
Oor die veld kom dit wyd gesweef.
Die lied van 'n volk se ontwaking,
Wat harte laat sidder en beef.
Van Kaapland tot bo in die Noorde,
Rys dawerend luid die akkoorde:
Dit is die Lied van Jong Suid-Afrika.
(laaste reël drie keer herhaal).

Die golwende veld is ons woning,
En ons dak is die hemelblou;
Die Vryheid alleen is ons koning,
Sy wagwoord is: „Handhaaf en Bou".
Die stryd wat ons vaders begin het,
Sal woed tot ons sterf of gewin het.
Dit is die Eed van Jong Suid-Afrika.
(drie keer herhaal).

**9.10:**

Die Vryheidsvuur brand nou deur die lengte en breedte van ons land. Die offisier-in-bevel blaas die fluitjie en roep almal tot aandag en op saluut. Hulle bly staan op saluut vir drie minute in stille bepeinsing in die vuur te tuur.

**9.13:**

Die fluitjie blaas om die saluut te beëindig en die offisier-in-bevel lees op plegtige wyse die Vryheidsverklaring en Gelofte soos deur die Groot Raad opgestel, nl.:

### DIE GELOFTE

„Oomblikke van groot gevaar en groot onsekerheid oor die toekoms het meermale in ons volksgeskiedenis voorgekom. So was dit die aand voor Bloedrivier se slag en so was dit in die oggendskemering voor Amajuba. So is dit ook vandag, in die begin van 1945.

„Soos ons vadere destyds in vertroue op God, vol moed en offervaardigheid, die stryd aangebind het, desnoods tot in die dood toe, so wil ook ons sonder vrees of blaam ons plig doen. Ons ken net een aardse trou en net een liefde — Die Republiek van Suid-Afrika.

„As ons die stryd gewonne gee, is die Vryheidsvlam van Amajuba geblus. En as die regbank van die geskiedenis, wat hoër staan as die regbanke van die Empire, eendag vra waarom die Vryheidsvlam geblus is, sal dit daardie vraag aan ons geslag stel. Aan die Ossewabrandwag sal daardie vraag deur die geskiedenis gestel word, want die Ossewabrandwag is die fakkeldraer van die Republiek.

„Ons gaan so optree dat ons daardie vraag voor die regbank van die geskiedenis kan antwoord sonder vrees of blaam.

„Man en vrou en kind gaan ons die Republiek dien, in ons huise, in ons samekomste, in ons werk, in ons vryhede en in ons gevangenisse.

„Ons het in die Ossewabrandwag die eed gesweer dat ons ons mede-Afrikaner nie in die steek sal laat nie en hom nie aan die vyand sal uitlewer nie. En daardie eed gaan ons waaragtiglik hou. Een vir almal, almal vir elkeen. Ons erken nie net broederskap, maar ook hoederskap, en ons stry uit liefde, nie uit haat nie.

„Dieselfde God wat in 1838 en 1881 die Vryheidsideaal laat seëvier het, sal ook met genade neersien op ons van 1945, wat die stryd van ons vaders wil voortsit.

„Daarom doen ons nou, gesamentlik en afsonderlik, die plegtige gelofte dat ons die stryd vir die onafhanklike Republiek nie sal staak nie en nie in die steek sal laat nie.

„Waar ons vadere dit met wapengeweld gedien het, sal ons dit dien met toewyding en desnoods met lyding, na ons beste vermoë.

„Ons sal sterk wees en vol moed, want die Here onse God is met ons, oral waar ons gaan.

„Die vlam brand nou dwarsdeur die land en ons is met ons broers en susters elders in een groot band saamgesnoer. Amajuba is die simbool van ons Vryheid; Amajuba-berg staan op ons wapen. Amajuba-vlam bly Vryheidsvlam!"

**9.18:**

Die offisier-in-bevel blaas die fluitjie en die offisier (hoogste in rang) tree na vore, ordelik gevolg deur die aanwesiges, een agter-die-ander, en elkeen werp sy stukkie hout op die vuur as teken van die aanvaarding van die verklaring en gelofte.

Sodra dit klaar is marsjeer almal een agter die ander agter die offisier aan verby die kissie wat onder die sorg van twee onder-offisiere in gereedheid geplaas is en plaas hul offers (bydraes) vir die Noodhulpfonds daarin.

Die aanwesiges tree weer aan en sing die laaste vers van Die Stem:

Op U almag vas vertrouend het ons
vadere gebou.
Skenk ook ons die krag, o Here, om
te handhaaf en te bou —
Dat die erwe van ons vaad're vir ons
kinders erwe bly:
Knegte van die Allerhoogste, teen die
hele wêreld vry.
Soos ons vadere vertrou het, leer ook
ons vertrou, o Heer;
Met ons land en met ons nasie sal dit
wel wees, God regeer.

Hierdie deel van die verrigtinge sal nou gesluit word met gebed.

# Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



**Hoofgenl. D. P. Eloff, van Durban. Kleinseun van President Kruger. Oud-lid van die Grootraad van die Ossewabrandwag. Geïnterneer op Koffiefontein. Later losgelaat.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die stryd verlaat nie, en nie aan die vyand uitlewer nie".**


SASBANK
*Verrig Volksdiens!*
Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*
RAADPLEEG SASBANK
PAARL:— Posbus 266
WORCESTER:— Posbus 57
KAAPSTAD:— Posbus 2387


NEEM TOE IN POPULARITEIT

IN 'N VERANDERENDE WÊRELD
*Kommando*
-SIGARETTE
ROND OF OVAAL
WAARDE VIR GELD
BH 2288


DIE TWEEDE SKOF...
In u werkjare kan u dit waag om die toekoms met gerustheid tegemoet te sien, want u inkomste is gereëld en seker genoeg om u die goeie vooruitsig te verskaf dat u lewensloop langs 'n gebaande weg sal gaan.
Maar . . . daardie gestrate pad loop dood as u die dag aftree en u inkomste dan daal of heeltemal ophou. En die pad verder kan vir u (*en* vir u afhanklikes!) 'n baie moeilike en slegte pad wees—tensy u *nou-al* sorg om ook dáárdie deel van u lewenspad te „straat" deur—
*'n Sanlam-polis*
SANLAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

## Geklassifiseerde Advertensies

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Handelsarvertensies:** 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

**Persoonlike Advertensies:** 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

**INTEKENGELD.** (Streng vooruitbetaalbaar.)
**Deur Kommando:** 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.
**Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.:** 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.
**Adresveranderinge:** 1/- per adresverandering.

### GEBOORTE

**ROUSSEAU.** — Aan mnr. en mev. P. D. Rousseau, (gebore Hoffman) Nigerweg 7, Emmarentia, 'n tweeling, seun en dogter. Seuntjie oorlede. Dank aan dokter en verpleegster.

### VERLOWING

**JORDAAN — STEYN.** — Cela, oudste dogter van mnr. en mev. Dirk Steyn van Thornlands, Buffeljagtsrivier, en Hannes, jongste seun van mnr. en mev. Willem Jordaan, Doornkloof, Montagu, wens hiermee hulle verlowing aan familie en vriende(inne) bekend te maak.

**OCHSE — MYBURGH.** — Graag maak ons, Bettie, tweede jongste dogter van mnr. en mev. G. L. Myburgh, Waterbron, Petrusburg, en Eddie, jongste seun van mnr. en mev. J. Ochse, Afrikaskop, bekend dat ons op Nuwejaar verloof is.

**VAN DER MERWE — GROBLER.** — Die verlowing van Esther Grobler, Junior Hoërskool, Wesselsbron, en Johannes van der Merwe, Pretoria Universiteit, word hiermee bekend gemaak.

### IN MEMORIAM

**DE KLERK.** — Liefdevolle herinnering. Drie jaar en sesmaande is verby. Die dood het geskei, maar die liefde in ons hart sal altyd bly. Moet ons op die aarde mis, wat ons lief en dierbaar is moet ons aan die Heer afgee. — Sy verlangende eggenote en kinders, Gousekolk, Kenhardt.

### SIMPATIEBETUIGING

**DEKKER.** — Die O.B.-Kommando van Porterville getuig hiermee hul innige simpatie met Serst. en mev. Dekker, in die verlies van hul seun op 1 Januarie op so 'n tragiese wyse.

### DANKBETUIGING

**MOCKE.** — Namens die Hoofgeneraalskap van die oorledene wens ons hiermee alle lede van die publiek wat die laaste eer aan ons offisier kom betoon het, hartlik te dank. Ons weet die eer kom alleen die persoon van die oorledene toe en sy verwantskap met die Ossewabrandwag het u nie daartoe beïnvloed nie. Nietemin bly ons u dank verskuldig omdat wyle Kiep Mocke sy lewe so identifiseer het met die Ossewabrandwag dat sy selflose opoffering geen perk of paal geken het nie.

Dankie vir die eer wat u aan ons hoogste offisier in hierdie afdeling bewys het.

Ons dank ook almal wat nie in persoon hier kon wees nie en telegramme en kransies gestuur het.

Ons het met dankbaarheid kennis geneem dat lede van die Ossewabrandwag van heinde en ver gekom het om die laaste eer te bewys aan hulle hoofgeneraal.

Die verantwoordelikheid op ons skouers is tans veel groter, nie alleen van weë die feit dat die krag van 'n Kiep Mocke ons ontneem is nie, maar veral omdat ons die stryd steeds feller moet aanknoop om die ideale en lewensopvatting te verwesenlik wat die oorledene deur die Ossewabrandwag gehuldig het.

Nogmaals baie danke aan een en almal vir die laaste eer aan wyle Hoofgeneraal C. P. D. Mocke. — S. J. J. Krynauw, namens die Hoofgeneraalskap.

### PERSOONLIK

**ANNETTE-ATELJEE (Edms.) Bpk.** Fotografiese werk van enige aard. Uitmuntende diens teen billikste pryse. Steun hierdie Afrikaners: **Spoorbondkas-Gebou, De Villiersstraat 15, Johannesburg. Foon 33-3738.**

**DAMES en Here Haarkapper.** Permanente haargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

**ONDERSTEUN** 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

**ONDERSTEUN** 'n Afrikanersaak. A. P. **Swart vir Kruidenierseware, eetware en alle ander benodighede. Carolinestraat 95, Brixton. Foon 35-1879.**

**ONMOONTLIK?** Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal ly, afgesien van hoe ernstig dit is en of dit tot hiertoe as ongeneeslik beskou is, skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heelkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie. **The Scientific Health Institute, Posbus 1336, Kaapstad.**

# Ons „Demokrasie" — Britse Erfgoed

**Hierdie „demokrasie" van ons, soos ons dit leer ken het in ons partystelsel, is volgens die redevoeringe van Veldmaarskalk Smuts waarlik ons wonderlikste kleinood! „Demokrasie" is die alombekende slagspreuk waarmee die veldmaarskalk se propagandiste eleksies veg en oorloë voer. Daar is werklik ook diegene in ons land — hoe ongelooflik dit ookal mag klink — wat die „demokrasie" as 'n produk van die Boereverlede beskou, eie aan ons volk. Dergelike wysheid skitter soms soos blikjuweeltjies in die redaksie-kolomme van sommige blaaie van ons „nasionaalgesinde" opposisie. Dis dus goed om hierdie verskynsel, ons s.g. „demokrasie", van nader te beskou.**

### WESTMINSTER, DIE MOEDER

Eerstens, wat die geboorte van partypolitiek betref, is dit aan alle staatsreggeleerdes bekend dat Westminster die trotse „Mother of Parliaments" is. Vandaar het die ou moeder se nageslag vér versprei. Ons in Suid-Afrika is ook geseën met 'n waardige dogter, die Unie-Parlement. Sovér die herkoms van ons demokrasie.

### OPENHARTIGE DEMOKRATE

Joseph A. Schumpeter, 'n professor van die bekende Amerikaanse Universiteit van Harvard, in „Capitalism, Socialism and Democracy" (1943), sowel as 'n ander Amerikaner, James Burnham, outeur van „Managerial Revolution" en „The Macchiavellians", noem 'n paar treffende feite in verband met demokrasie. Albei is nog demokrate, eersgenoemde glo nog selfs aan die partystelsel omdat hy van niks beters weet nie; maar hulle het darem die moed om feite onder die oë te sien, al is dit onaangenaam.

### SLEGS METODE

Schumpeter wys daarop dat demokrasie, staatkundig gesien, net politieke metode is om tot besluite te kom. Dit het niks te doen met die aard van die besluite nie. **Die demokratiese masjien kan òf goeie òf slegte en selfs onbeskaafde en barbaarse besluite voortbring.** Die jag wat in Middeleeue op s.g. hekse gemaak is het in die populêre smaak geval, en die optrede daarteen het gekom van prinse en heersers, die outokrate van daardie tyd. Die toepassing van die demokratiese metode sou sekerlik die bestendiging van hierdie vorm van vermaaklikheid beteken het. Nero se vervolging van Christene was sy populêrste optrede by die volk en word deur die Romein Suetonius onder sy verdienstelikste maatreëls gereken. Dit was naaste aan demokratiese opinie. Pilatus, die verteenwoordiger van 'n outokrasie in 'n Joodse gemeenskap, het geregtigheid, orde en vryheid verdedig, totdat hy geswig het. Die ontsettende onreg van sy finale oordeel oor Christus was 'n toegewing aan die openbare mening van sy omgewing. **Onvoorwaardelike ideaal van die beskawing kan demokrasie dus nie wees nie.**

### DEMOKRASIE GEEN SELF-REGERING

Beide skrywers verwerp spottend die wyd-verkondigde hersenskim as sou demokrasie self-regering beteken. **Selfs in 'n demokrasie is dit die leier wat regeer en sy wil deurvoer. Deur sy besondere kennis, deur sy ervaring en onmisbaarheid as leier, deur sy gebruik van die party-organisasie waarvan hy leier is, raak sy posisie feitlik onaantasbaar.** Selfs sy dreigement om te bedank wanneer 'n stemming 'n saak van vertroue gemaak word, is nie die gevolg van beskeidenheid nie, maar is die leiersweep wat klap. Die ontevredenes moet dan òf „Ja en amen" sê, soos meestal op partykongresse gebeur, òf in staat wees om 'n ander leier te vind, wat gewoonlik moeilik gaan veral wanneer sentimentele dankbaarheid vir gelewerde dienste die ou leier se posisie versterk. As daar dan rebellie kom teen die ou leier, kan dit alleen slaag onder leiding van 'n nuwe. Leierskap bly dwarsdeur oppermagtig.

**In 'n demokrasie is daar natuurlik die sprokie dat die volk eintlik homself regeer deur middel van sy gekose verteenwoordigers.** Voorwaar 'n sprokie; in die eerste plek omdat die meerderheid regeer en nie die volk nie — vra maar of die magtelose parlementêre minderheid wat moet gehoorsaam en swyg, hoewel hulle kastig as volkslede hulleself regeer, nie saamstem nie; en in die tweede plek is dit 'n lentedroom dat die gekose verteenwoordigers wat moet regeer juis omdat hulle veronderstel word die nodige ervaring en bekwaamhede wat die moderne tegniek vereis te hê, hulle taak verrig as instrumente van kiesers wat van ingewikkelde staatsake dikwels niks weet nie.

### KOMPETISIE OM STEMME

**Sogenaamde self-regering is ons geliefde „demokrasie" dus nie. Eerder, so sê Schumpeter, is die demokrasie van die partystelsel 'n regeringstelsel van politieke meedinging om stemme. Soos die mynmagnaat kompeteer vir dividende, moet die partypolitikus met sy teenstander kompeteer vir stemme. Wie die meeste stemme het, wen, en word Eerste Minister met Groote Schuur as sy aangename verblyfplek.**

Dan maak ons Amerikaanse skrywer die volgende raak aanmerking oor die partystelsel. Byna ongelooflik raak, komende van 'n demokraat. **Hy noem naamlik dat dit versnot is om te dink dat partye in hierdie stelsel van kompetisie vir stemme 'n beginsel aanhang omdat beginsels vir partye iets beteken.** Immers as twee leërs om 'n koppie veg, is die waarde van dié koppie van geen belang nie; daar kan 'n goudmyn wees, of bloot net ysterklippe, want die koppie is vir albei magte slegs 'n middel om die ander mee te vernietig. **'n Beginsel vir 'n party is ook net van belang as 'n stok om die ander party mee te slaan, d.w.s. as 'n aas vir stemme wat van daardie na hierdie party gelok moet word.** Of die beginsel self goed of sleg is om 'n probleem mee op te los, is van geen belang nie.

### O.B. GEREGVERDIG

Bostaande grepe uit die beskouings van twee eerlike demokrate is voorwaar treffende bevestiging van die beginselstandpunt van die Ossewabrandwag ten opsigte van ons demokratiese partystelsel.

### PERSOONLIK

**KRIEL.** — Alles gaan goed tuis. Boet in sy laaste jaar „Electrician". Ben Std. IV. Liefdegroete. — **Moeder.**

### VAKANSIEPLAAS

Kom vir u volgende vakansie na die rustige plaas **Vergenoegd, Riversdal.** Goeie en vriendelike behandeling. Terme billik. Doen aansoek, **mev. A. Badenhorst.**

### TE KOOP

**ARRAN CHIEF** Saadaartappels — B-sertifikaat; onder 50 sak, 37/6 per sak; oor 50 sak 35/- per sak. Sonder sertifikaat maar gewaarborg, 30/- per sak. — **H. D. Metlerkamp, Bus 47, George.**

**BORDER — COLLIE SKAAPHONDJIES.** — Ouers uitstekende werkers. Lewendig en gehoorsaam. 3 Tefies teen £1-10-0 stuk. —**J. J. Bouwer, Weltevreden, P.K. Bedford.**

**DEKRIET.** — Beroemde Albertinia en Riversdal dekriet, 15/6 per 100 bos. V.O.S. Albertinia. Bestel dadelik by: **J. S. Badenhorst, Posbus 3, Albertinia.**

**MEUBELS.** — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1358. Foon 2-0194.**

**ONS** bied aan Gesifte Karoomis teen 38/6 per ton; Rumis teen 12/6 per ton (minimum 12 ton); Ganna Loogas, die beste soutlek teen geilsiek en haarwurm, teen £1 per sak. V.O.S. ons stasie. Aflewering dadelik. 90% afslag op spoorvrag aan Transvaal en Natal boere. Kontant met bestelling aan **Noordelike Kaap Soutpanne, Posbus 58, Prieska.**

**O! BEETSAAD** — Dit is Eclipse Beetsaad, Detroit tiepe en Egiptiese platbeet saad, 12/- per pond. Chantenay wortelsaad, 12/- per pond.

**BESTE** Australiese Bruin-uie-saad, 7/- per pond. Koel en Bronskomkommer saad, 17/- per pond. Alle saad gesertifiseer. Posvry en K.M.B. — **J. J. SPIES, Premier Saadkweker, Rus-en-Vrede, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

**SKAAPHONDJIES,** 1 reuutjie teen £1-1-0, en 1 tefie teen £1. Albei 2 maande oud. Ouers goeie werkers. — **J. J. Grobler, Welgelegen, P.K. Michville.**

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

### WYNE

**5 GELLING** Muskadel-likeur £2-12-6; Anker £3-17-6. 5 gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. **J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.**


**BOLAND BOTTELSTOOR**

**HOOFSTRAAT 73**

**PAARL**

**Foon 984.**


Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

# Vir die Boerejeug.

Deur die Leier, Genl. Dirk van Rooy

Die verjaardagketting word steeds langer. Mooi so. Onthou maar net dat met elke naam 'n tiekieseël saamgestuur moet word. En hier kom nou nog iets by. In vervolg moet die name deur die Boerejeug-veldkornet of -veldkornette gestuur word. As 'n lid van die Boerejeug dus sy naam onder die verjaardagketting wil laat verskyn, moet hy dit met sy tiekie aan sy offisier inhandig. Dit geld vir die seuns, die dogters en vir die kleingoed. Ons hoop om vanjaar nuwe kaarte uit te reik waarop o.a. kiekies van Boerejeugbedrywighede sal verskyn.

Soos beloof verskyn die briefies wat vir die skeurkalender bestem was, vanjaar in „Die O.B." Vir Januarie was daar ongelukkig nie een nie, wel vir Februarie, sodat die eerste volgende maand sal verskyn. Julle het nog kans. Stuur 'n kort beskrywing van iets belangriks wat in die verlede op julle verjaardagdatum gebeur het, of van 'n groot Afrikaner (man of vrou) wat op dieselfde datum verjaar. So leer ons ons geskiedenis van en aan mekaar. Onthou, **vir die Verjaardagketting** stuur julle offisiere julle name regstreeks aan „Die O.B.", p/a Voorslag (Edms.) Bpk., Kamer 703, Groote Kerk-gebou, Kaapstad, maar **julle verjaardagbriefies** gaan aan prof. D. J. van Rooy, von Wiellighstraat 40, Potchefstroom.

## VERJAARDAGKETTING

**18 Jan.:** Maria G. C. Meintjies, Groot Marico; Charlotte Pretorius, Kirkwood; van Zyl Wolfaard, N. Paarl; Dirk Knoetze, Stellenbosch; Anna J C. Pieters, Lindley; Gerhardus J. Janse v. Rensburg, Kestell.

**19 Jan.:** Willem F. Breedt, Hoëwal; Marthinus N. Malan, Rustenburg; Dawid du Plessis, Sutherland; Dawid Blom, Sutherland; Izak Blom, Sutherland; Benjamin van Vuuren, Port Elizabeth; Tienie Burger, Brandvlei; Jacob A. Grobbelaar, Saintrest.

**20 Jan.:** Magdalena Breedenhann, Boskuil; Martha Cronje du Toit, Fouriesburg; Agnes Ross van Niekerk, Ficksburg; Stoffelina J. van Niekerk, Ficksburg, Fransina C. van Niekerk, Ficksburg; Maria W. G. v. d. Linden, G. Marico; Hermina Smit, Aughrabies; Anna A. Scheun, Beaufort-Wes.

**21 Jan.:** Anna J. C. Venter, Baltomore; Ester v. d. Watt, Doornboom; Marjorie Theron, Bellville; Tienie Nortjie, Vredendal.

**22 Jan.:** M. J. van Reenen, Kayaseput; Andries Smit, Rashoop; Johanna Joubert, Observatory.

**23 Jan.:** Gert Ellis, George; Dawid du Plessis, Stellenbosch; Cecile Naude, Stellenbosch; Magda van Wyk, Suider Paarl; Willem A. van Rensburg, Eppingtuindorp; Benjamin A. Walters, Stellenbosch; Magdalena van Wyk, Paarl; Francis Stiglingh Pietersburg.

**24 Jan.:** Matthys C. van Deventer, Baltimore; Philippus J. S. Kilian, Middelburg, Tvl.; Willem le Roux, Tiervlei; Lulu Schoeman, Commandokraal.